WITBEK BRAUNVIEH STOET

Klein kalwers vir 'n groter toekoms

Vaaldu stoet

PO Box/Posbus 7864 • Bloemfontein 9300 • Tel: 051 410 0958 • Fax/Faks: 086 573 1021

BOODSKAP VAN DIE VOORSITTER

Baie dankie vir die voorreg wat ons weer hierdie jaar gehad het om te kan juig oor ons mooi land, die pragtige natuur, die lente en die somer se mooi wat my beslis opbeur en laat vergeet van die moeilike tye, die winter, die lelik, swaar en pyn wat baie van ons soms moes deurworstel. Dankie vir elke nuwe lid wat hierdie jaar by die Braunvieh genootskap aangesluit het en deel in die gemeenskaplike liefde vir die mooie Braunvieh met sy besonderse "looks" en rustige temperament. Dankie aan elke lid wat trots bygedra het om die Braunvieh te promoveer en verantwoordelik die diere wat nie pas in ons gedragskode nie, eerder geslag het as om aan hulle 'n kans te veel te gee.

Baie geluk aan al die lede wat so pragtig presteer het met hulle beeste, die skoue bygewoon het en die Braunvieh naam hoog gedra het.

Dit is belangrik dat dit met jou medetelers goed gaan, want dan sal dit met jou ook goed gaan. Wanneer jy die mooi in die ander Braunviehtelers se beeste begin raaksien, sal baie ander beesboere die mooi in jou Braunvieh begin raaksien. God het ons die gawe gegee om mekaar se laste te kan dra, mag Hy ook aan ons die gawe gee om in liefde, in Sy liefde te leef elke dag van ons lewe.

Ek wens almal 'n baie geseënde Kerstyd toe en mag u in 2011 'n voorspoedige en gelukkige jaar beleef as gesin en in die boerdery.

Groete
Cois Harman

Redakteur se boodskap

Ek wil net dankie sê aan elkeen van julle wat 'n bydrae gelewer het ten opsigte van die nuusbiewe. Sonder julle advertensies, idees en artikels kan ons nie 'n nuusbrief uitbring nie. Die afgelope jaar was 'n groot jaar vir die Braunvieh ras en ek glo 2011 gaan net nog groter wees.

Indien julle enige nuus het of wil adverteer moet julle my of die kantoor asseblief laat weet sodat ons vroegtydig kan begin beplan.

Ek wil graag vir Petro Ferreira en Christina Harman bedank vir julle harde werk met die Braunvieh Nuusbrief. Ek glo almal gaan met my saamstem dat die nuwe baadjie wat die nuusbrief aan het 'n groot verbetering is en iets is waarop ons kan trots wees.

Baie welkom ook aan Elna Lotter, ons nuwe sekretaresse. Dankie vir al die oproepe wat jy maak en dat jy sorg dat almal hulle nuusbriewe kry. Mag elkeen van julle 'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige 2011 hê.

Christopher Havenga



Veilings Hoogtepunte vir 2010

Patrick Fitzgerald – koei vir **R20 000** verkoop aan Hampie van Zyl van Dibeng.

Vruburg skouveiling – Eduan Hector van Gawie Rossouw verkoop vir **R50 000** aan Mnr Abie de Villiers en Christopher Havenga (albei van Petrusville).

Windhoek skouveiling – Christopher Botterblom van Christopher Havenga verkoop vir **R30 000** aan Mnr Sarel du Toit van Namibië.

WINDHOEK SKOU 2010

Wat 'n ondervinding!! Ek glo dis 'n geleentheid wat vir almal wat daar was as een van die hoogtepunte op hulle 2010 kalender sal uitstaan. Die ryery met die beeste het eintlik sonder voorval verloop. Dis net by die grenspos en die touleiers waar ons so bietjie gehaak het. Hulle wou hulle nie laat deurgaan sonder "werkspermitte"nie, aangesien hulle mos met die beeste gaan werk gedurende die skou. Gelukkig het Cois meer hare op sy tande as enige ander ou wat ek ken en hy het die vermoë om met mense te onderhandel en na ure was die sakie opgelos.

Na die bietjie moeilikheid het dinge net beter gegaan met ons. Die Namibiërs het ons op die hande gedra en een en elkeen van ons kan getuig van hulle gasvryheid en hulpvaardigheid – baie dankie aan elkeen van hulle wat ons nooit soos buitestaanders laat voel het nie.

Die skou self was 'n leerskool vir ons almal. Alle beeste (van alle rasse) wat geskou word, word eers geinspekteer deur 'n onafhanklike komitee (Skoukommitee) voordat hulle as "skouwaardig" aanvaar word. Koeie moet byvoorbeeld 'n kalfinterval van niks meer as 400 dae hê nie en indien sy nie met 'n kalf by haar staan nie moet sy dragtig gesertifiseer wees, anders word sy dood eenvoudig nie toegelaat om aan die skou deel te neem nie. Bulle se skrotum omtrek word gemeet ens. Alle diere se tatoeering word nagegaan en daar word gekyk of hulle skougereed is. Daarna eers kry die dier 'n stempel op sy nommer, wat deur die touleier gedra word. Indien daai stempel nie daar is nie, word die dier nie in die skouring toegelaat nie.

Die kwaliteit van die diere was van hoogstaande gehalte en die kompetisie was sterk. Braunvieh Namibië se diere is voorwaar 'n goeie vertoonvenster vir ons ras – baie geluk julle! Nou ja, ons het darem ook nie met lee hande teruggekom nie – self 'n paar kampioene. Baie geluk aan al die telers en baie dankie dat julle bereid was om so ver te ry om ons ras in Namibië te verteenwoordig. Ons wil die res van die telers aanmoedig om in 2013 saam met ons te gaan skou in Windhoek. Glo my almal wat daar was, het gesê hulle gaan beslis weer. Dis werklik 'n baie positiewe ondervinding gewees.

Wat ek werklik daar ver in die vreemde besef het, is dat dit nie gaan oor jou as teler nie, maar oor ons ras, 'n ras wat slegs deur toegewyde telers na die hoogste hoogtes toe gelei kan word, wat die Braunvieh inderdaad verdien.

Weereens baie dankie aan Braunvieh Namibië, wat die geleentheid vir ons onvergeetlik gemaak het en vir die Windhoek Skoukommitee wat uit hulle pad gegaan het om ons om elke hoek en draai met hulp by te staan en welkom te laat voel.
Dan, laastens, maar nie die minste nie, ons telers wat daar was, vir julle ongelooflike gesindheid. Dit was regtig baie lekker. Dankie, ook aan die touleiers wat saam was, ons kan nie sonder julle skou nie en ons wil hê dat julle moet weet dat ons julle werklik waardeer. Ons is baie bly julle sit nie nog op die grenspos nie!

Die Havengas



Die kaptein vat 'n ruskansie.

Namibië 2010 skou
– soos ervaar deur die Bezuidenhouts

Wat 'n fees was dit nie om so as 'n familie saam te skou in Namibië nie. Groot was die opgewondenheid toe ons die lang pad aanpak, maar ons het glad nie gedink dit sou so 'n groot lekkerte wees nie.

Dit is wonderlik dat Braunvieh beeste mense so kan saambind dat dit later soos 'n familie word .

Ek dink ons het baie geleer oor skou en reëls asook die afronding en voorbereiding.

Ons het baie nuwe mense ontmoet en selfs 'n ou vriend daar raakgeloop en nuwe dinge gesien. Wat 'n pragtige wêreld met baie vriendelike mense is dit nie .

Groete die Bezuidenhouts van Palmietgat.

HOE GEMAAK OM NOG BETER TE DOEN MET ONS BRAUNVIEH?

Die raad het besluit om dit wat ons in Namibië geleer het, ook hier toe te pas met die skoue. Dit beteken dat die Braunvieh voortaan tydens skoue gemeet sal word aan voorgeskrewe rasstandaarde wat gestel sal word. 'n Koei wat vertoon word se TKP mag nie hoër as 420 dae wees nie. Dragtigheidsertifikate sal ingedien moet word en al die beeste sal skoon moet wees. D.w.s. BM, TB en skedewasse by bulle sal ingedien moet word die dag voor die skou begin. Slegs beeste wat se vertonersertifikaat gestempel is, sal in die skouring toegelaat word.

Ons versoek lede om elke geboorte, ongeag of die kalf lewe, te rapporteer. Probeer asseblief dat u verse voor 32 maande ouderdom kalf en maak seker u teelbulle is ge-DNA. Indien u nie weet waar en hoe nie, skakel gerus met die kantoor of met die raadslid in u gebied.

Ons versoek alle lede om die kalwers en die koeie na geboorte van die kalf te weeg en dan met speen op 205 dae. Stuur die inligting in na die kantoor. Hoe meer inligting ons instuur hoe beter gaan u in staat gestel word om die beste presterende diere te kan selekteer en die swakstes uit te werk.

Sukses met u boerdery!!!!

Nuwe telers bekendstellings profiel

Ons Else boer al 4 geslagte lank met Braunvieh beeste op die plaas Driekop, distrik Excelsior. Daar is altyd gepoog om van die beste geregistreerde bulle aan te koop vir ons kudde. Van die bulle wat ons deur die jare aangekoop het, was van die volgende telers, A.H. Usher van Cuyerville stoet, P.D. Albertyn van Toekoms stoet, L de Jager van Lizon stoet, P. R. Wessels van Alphine stoet, daar is ook nageslag van die Sephton's van Barkley Oos van Pit Lochrie stoet aangekoop. Ons het Braunvieh met groot sukses gebruik vir suiwer teling sowel as vir kruisteling. Ons is bevoorreg om 'n poenskop geen in ons kudde te hê. Ons was in die laat sestiger jare, begin 1970's deel van die genootskap en is opgewonde om nou weer deel van die genootskap te wees.

Hier is die Els familie SP, Rina, Lizelle, Gabrielle en Fanie.

INDELING VAN LEDE BY RAADSLEDE

Die volgende telers is by **Cois Harman Sel: 083 265 6210** ingedeel: Barrie Steyn; Willem Minie; Japie Dreyer; Zili Braunvieh Stud Malungelo Zilimbola; J S Manyedi; H S Marks; H L Oosthuizen; Finial Farming Marius Labuschagne; Marani-Ernst Familie Marius Ernst; Ratshikana Stoet – Benjamin Ratshikana; Jovial stoet - Louis J Visser; Tolo Stoet – Cheleshe Tolo.

Die volgende telers is by **Christopher Havenga Sel: 082 821 1527** ingedeel: Bosduiwekop Boerdery; Lalta Trust; J C V Erasmus; Eduan Boerdery; J J H van Zyl; S W Rossouw; Kennelworth Boerdery; A J Botes, Excelsior – F Els

Die volgende telers is by **Hans Bester Sel: 083 469 1258** ingedeel: PH Whethmar; H J Wessels; Johan Henning Liberte Agri; Weldef Braunvieh – Dr Naas Pienaar; Adeline Stoet – Danie Fitzgerald; Bergland Koepel – Albie Botha en Wessel De Villiers; Dueler Stoet – Patrick Fitzgerald; Bennie Coetzer.

Die volgende telers is by **Pieter De Villiers Sel: 082 920 7309** ingedeel: AC de Villiers Boerdery; PDW & HB de Villiers; Kleinjan Gasekoma

Die volgende telers is by **Kobus Bezuidenhout Sel: 082 374 5022** ingedeel: Japie B Bornman; Phillip R Wessels; Willie P du Plessis; CTN Swanepoel; C J Robberts.

Die volgende telers is by **Piet De Villiers Sel: 082 670 6089** ingedeel: Glen Oakes Farms; Jomandia Boerdery; Semex SA; Witzenberg Properties; Milbank Trust; J & C Braunvieh.